Geliefde Lourensrivierder

Die ou windjie laat my so dink aan die liedjie van vervloë se dae:
♪♪Daar's 'n wind wat waai, Soos hy nou daar waai, hy waai my jas teen 'n taaibos vas. Hy waai my hier, hy waai my daar, hy waai my hare sommer deurmekaar. Stadig, stadig oor die klippetjies, die reën val sulke wonderlike druppeltjies..... Dis daar waar die son en die maan ondergaan, Bokkie, jy moet huis toe gaan ☺♪♫♫♪
Ons bid en vertrou dat ons windjie ook wonderlike druppeltjies gaan bring wat deur die Here, ons Reënmaker voorsien sal word.
Hier is ook 'n lekker-giggel videogreep van die Kaapse windjie wat mense "hier en daar" waai. Dis redelik oud en die kwaliteit nie wonderlik, maar dit sit verseker 'n glimlag op mens se gesig ☺ https://www.youtube.com/watch?v=FzrXh4shJB0

NUUSKRUMMELS: 09/03/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

MMMLICIOUS MINI DOUGHNUTS:
Amber is 'n innoverende jong dogter vanuit ons gemeente wat geld insamel vir 'n sporttoer en het 'n wonderlike plan gemaak! Haar mamma, Cindy Claassen skryf: Mmmlicious mini doughnuts was born, when my daughter decided to raise money for her upcoming tours. If her goal has been reached, we would still love to supply these cute bite sized mini doughnuts to the public. Can be customised to your needs. Ideal for parties.
Ondersteun haar asseblief. Haar FB blad is: https://www.facebook.com/Mmmlicious-Mini-Donuts-1684739665160253/

WEGNEEMETES 3 MAART 2017 (T.B.V. VOEDSELFEES)

En toe word ons Gemeente lekker bederf met "Jumbo" hamburgers, Kerrie & Rys en Pannekoek op Vrydagaand 3 Maart 2017.
'n Groot spesiale dankie aan al die raakvatters wat gehelp het met die voorbereiding, bak en kook van die Kerrie en die Rys, Hamburgers en Pannekoek. Ook aan die manne wat die Hamburgers so lekker gebraai het. Met so 'n besonderse groep se onderlinge samewerking kan dit nie anders dat alles seepglad verloop het nie.
Aan **WP Vleis Groothandelaars** (goulash vleis vir die kerrie), **Flameros** (jumbo patti's) en **Bread of Heaven** (jumbo broodrolletjies), sê ons ook baie-baie dankie vir hul mooi gesindheid teenoor ons Gemeente deurdat hulle die produkte teen kosprys aan ons verskaf het.

Voedselfees groete

SIELKUNDIGE HULP VIR KINDERS:

Ek is 'n geregistreerde Opvoedkundige Berader Spesialiserend in Spelterapie. Ek doen ook leerondersteuning. Ek werk met alle ouderdom kinders. Loer gerus na my webwerf vir verdere inligting.
http://www.reneejvv.co.za/

Renée Jansen van Vuuren (BEd Psych MA Psych)
Registered Counsellor –HPCSA PRC 0007307
BHF Practice nr: 081 000 04234160825655934
FB Blad: https://www.facebook.com/Inspireer-my-305188019525863/

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

Ons gemeente, Shekinah Aanbiddingsentrum, Strand, bied 'n Damestee aan op 25 Maart 2017 met Lindie Strydom van Geloof, hoop en liefde as Gasspreekster. Ons wil u gemeente se dames graag uitnooi na die geleentheid. Kaartjies is R150 pp.
Die dames kan my kontak @ 082 821 6906 of epos by dalene.dvilliers@gmail.com.

Hoop ons kan hande vat en saam iets groots vir die Koninkryk doen.

Seënwense, Dalené de Villiers

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

STRAND DIENSSENTRUM (NPO 011-303) PRAATJIE
DE VILLIERSSTRAAT 30, STRAND
Woensdag 15 Maart 2017 - 9h30 vir 10h00
TEMA: DOOF/BLIND SUID-AFRIKA:
Spreker : Philip Dobson (President : Doof/Blind Suid Afrika)
Kom luister en leer. Verversings en tee sal bedien word
Bespreek asb by ontvangs: 021-854 4552

Strand Dienssentrum
ACVV Dienstak

ACVV DIENSSENTRUM : HAARSALON open Maandag 13 Maart 2017 om 08h00.
De Villiers Straat 30
Om 'n afspraak te maak kontak Joan Oosthuizen by 021 8544 552 of 071 257 4237.
Dienssentrum lede geniet spesiale tariewe. Nie-lede ook welkom.

DIE RUIMTE SENTRUM IN MILLSSTRAAT 96, VERKOOP WEER WEEKLIKS HEERLIKE DRUIWE, vars afgelewer vanaf De Doorns, vanaf Woensdag 15 Maart 2017.
Koste: R60 vir 4 kg
Plaas asseblief u bestelling teen Maandae vir afhaal op Woensdae.
Skakel Delmari/Gerda by 021 -854 8234

CYCLING FOR CHRIST NEWS:

Greetings #C4C Supporter
This week is our build-up to the 40th Cape Town Cycle Tour 109km [also known as the Cape Argus] and Anchen and myself will be competing in this beautiful iconic road-cycling race.
We are doing this race to raise funds for our #missionDIFFERENCE Project - where we are raising funds for the Hoërskool Strand Hulpfonds Projek [helping learners who don't have stationery, books, shoes, clothes and/or food].
Currently, we have raised R3000 and our goal is R10000 by the end of March.
We are challenging people to sponsor us R1/km - if you would like to sponsor one of us, please contact me via cellphone @ 0834420082 or you can just reply with an email - and I will send you the Banking Details.

CYCLING 4 CHRIST

Have a blessed week and keep on keeping on!

Regards, Vinnie Favero: Founder/Leader (0834420082)
info.cycling4christ@gmail.com

VAKANTE POS:
Kode 8 drywer met PDP gesoek wat mense mag vervoer.
Tydelik met n moontlikheid van voltyds. Kontak vir Thys @ 0617448586

GELUKWENSING:
- Gys en Karin van Veijeren het ‘n kleinkind ryker geword.
- Willem & Annalie Botes het ook ‘n ‘n nuwe kleinseun ryker geword.

Baie seën aan die oupas, oumas en die pappas en mammas.

DOOP: Gelukwensings en seën aan Christof en Marelize Cloete met die doop van hul babatjie, Chris-Maré

KNIEWERK:
- Ons bid vir reën en toewyding aan Jesus
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Haasbroek
- Elsabe Dreyer herstel na operasie en Garies Dreyer was ook in hospitaal
- Donald van Rensburg vir gesondheid

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG,12 MAART SE BOODSKAP: JOH 3:1-17

TWEEDE WEEK IN LYDENSTYD:
Hoe ons wedergeboorte werk, weet ons nie. Dit kom van God. Die wind waai waar hy wil.
So ook die werk van die Gees. Die nuwe lewe is volledig 'n geskenk van God. Die vrug van die Gees se werk, die nuwe lewe in 'n gelowige, is iets wat mens ook so sien.

Jy sien nie die aanraking van die Gees nie. **Jy sien die vrug.** Die vrug is geloof in Jesus, **nuwe lewe, deel hê en deel-neem aan die nuwe geloofsgemeenskap** wat Jesus vestig. Daarom is die geloof wat ons in onsself vind, nie die gevolg van ons werke nie. Dit is 'n geskenk van God.
Natuurlik het mense die verantwoordelikheid om te reageer op God se genade, om die genade met die leë hande van geloof te omhels, maar dat ons glo, kan ons God net voor dankie sê.

Kom ons sing saam met Brian Doerksen..... LORD, CHANGE ME ON THE INSIDE
https://www.youtube.com/watch?v=IaGJ2VP1EYY

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE